# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**November 2018**

**EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord AL die vrae**

4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

6. **Me.Jordaan, Middleton, Meiring, Gilbert, Haluman, Ramdhani en Bothma.**

7. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

8. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

9. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: tydskrifartikel**

Lees die leesstuk hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS A**

# Pas op, jou sel maak jou seniel!



1. Op nege begeer Anton Gouws van Kaapstad niks vuriger as sy eie selfoon nie. “Mamma, dan kan ek jou enige tyd bel,” pleit hy by sy ma. “’n Mens weet nooit wat kan gebeur nie...”
   Met argumente soos dié oortuig ál meer kinders hul ouers ‘n selfoon is in Suid-Afrika so noodsaaklik soos diefwering. Maar pleks daarvan dat selfone ons kinders beveilig, kan dit hul gesondheid in gevaar stel.

2. ‘n Sweedse navorser, Leif Salford, het pas gewaarsku dat tieners wat gedurig oor ‘n selfoon praat, reeds in die fleur van hul lewe Alzheimer se siekte kan kry. Intense gebruik van ‘n selfoon kan ook dele van die brein seermaak en dit kan die leerproses, geheue en beweging affekteer.

3. Sir William Stewart het ‘n Britse kommissie van ondersoek gelei en gevind dat kinders jonger as dertien wat klaar hul eie selfoon het, nog ‘n groter risiko loop as tieners. Kinders se kopbene is dunner en hul ore sagter as ‘n tiener of grootmens s’n. As hulle op ‘n selfoon praat, kom dié selfoon nog nader aan hul brein as by ‘n tiener en grootmense. Sir Stewart het gesê dat hy sy eie kleinkinders ontmoedig om selfone te gebruik.

4. In Hong Kong word selfoonvervaardigers verplig om ‘n waarskuwing oor bestraling op elke selfoon aan te bring.

5. Elke keer dat jy jou selfoon teen jou oor druk, stel jy jou brein vrywillig aan mikrogolwe bloot. Leif noem dit "die grootste menslike eksperiment nog." Om die uitwerking van selfoonbestraling op tienerbreine te toets, het Leif rotte tussen 12 en 26 weke oud, twee uur per dag aan selfoonstrale blootgestel. Op dié ouderdom is hul brein in dieselfde stadium van ontwikkeling as by tieners, sê hy. Vyftig dae later, toe die jong rotte se brein onder die mikroskoop bekyk is, was daar 'n oormaat dooie breinselle. "Ons het goeie rede om te glo wat in die rotte se breine gebeur, ook by mense gebeur," sê die navorser.

6. By mense wat 'n goeie kans staan om Alzheimer se siekte te kry, kan blootstelling aan selfoonstrale dié siekte vroeër laat gebeur. In 'n brein wat normaalweg nie voor die 60's seniel sou word nie, kan neurone dan al in die 30's geraak word.

7. Professor Howard Reader, van die Union of Radio Scientist International in Suid-Afrika sê ook dat by jong kinders wie se kopbene nog nie ten volle ontwikkel het nie, kom die selfoon effens nader aan die breinweefsel en hulle sal dan aan effens meer bestraling blootgestel word as grootmense. Howard beveel die volgende aan: kinders moet die selfoon 1 cm van hul oor weghou, ouers moet hul kinders aanmoedig om sms's te stuur en hul oproepe tot drie minute te beperk.

Bron: Verwerk uit Huisgenoot 25 September 2003

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

1.1. Waarvandaan kom Anton? (1)

1.2. Haal 1 woord aan wat aandui dat Anton baie graag sy eie selfoon wou hê. (1)

1.3. Kyk na paragraaf 1.

Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.3) en die antwoord A-D neer.

"pleit hy by sy ma" beteken dat hy:

A. sy ma smeek
B. sy ma dreig
C. sy ma irriteer
D. sy ma pla (1)

1.4. Watter sosiale probleem ondvervind Suid-Afrika wat dit wel belangrik maak vir Suid-Afrikaanse kinders om selfone te hê?
Beantwoord in jou EIE WOORDE (1)

1.5. Watter negatiewe effek kan selfone, volgens paragraaf 1, op ons kinders hê? (1)

1.6. Wie is Leif Salford? (1)

1.7. Watter siekte, wat gewoonlik met ou mense geassoieer word, kan volgens Leif Salford nou vir tieners ook gevaar inhou? (1)

1.8. Noem 3 ander aspekte van 'n tiener se lewe wat volgens Salford, deur selfone geaffekteer kan word. (3)

1.9. Haal 'n sin uit paragraaf 3 aan wat vir ons aandui waarom kinders jonger as dertien se breine makliker deur bestraling geaffekteer word as grootmense se breine. (1)

1.10. Vir wie gaan Sir William Stewart waarsku om nie selfone te gebruik nie? (1)

1.11. Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf die vraagnommer (1.11) en die antwoord neer.

Die makers van selfone in Hong Kong (moet nie / moet) verbruikers teen bestraling waarsku. (1)

1.12. Kyk na paragraaf 5. Wat gebeur elke keer as jy op jou selfoon praat? (1)

1.13. Watter diere het Leif gebruik om te eksperimenteer? (1)

1.14. Hoekom het hy slegs diere tussen 12 en 26 weke oud gebruik vir sy eksperimente? (1)

1.15. Hoe lank was hierdie diere aan selfoonstrale blootgestel? Gee 'n volledige antwoord. (1)

1.16. Die volgende stelling is ONWAAR.

Na Leif se eksperiment op diere was daar 'n gewone aantal dooie breinselle.

Haal 4 opeenvolgende woorde aan om te bewys dat die stelling onwaar is. (1)

1.17. Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf die vraagnommer (1.17) en die antwoord neer.

By mense wat reeds geneig is tot Alzheimer se siekte kan selfoonstrale veroorsaak dat hierdie mense (later/vroeër) die siekte opdoen. (1)

1.18. Watter stelling PAS NIE? Skryf slegs die vraagnommer (1.18) en die LETTER neer.

Volgens Professor Reader moet kinders:

A. die selfoon weghou van hul oor.
B. eerder oproepe maak as om sms'e te stuur.
C. nie langer as drie minute per oproep spandeer nie. (1)

(20)

**Grafiek**

**TEKS B**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## Afrikaanse radio is 80 jaar oud

**1927** Afrikaanse programme word saans op die African Broadcasting Services se sender uitgesaai.

**1936** Die SAUK, wat die African Broadcasting Services oorgeneem het, begin op 1 Augustus met 'n diens in Engels.

**1937** Op 27 Oktober word die Afrikaanse Diens van die SAUK bekend gestel. Dit staan bekend as die B Diens of die Afrikaanse Diens van die SAUK.

**1938** Eerste buite-uitsendings met die Simboliese Ossewatrek en die eerste sportuitsendings.

**1945** Op 24 Oktober word begin met die versoekprogram *U eie keuse* – dit word steeds uitgesaai en is die oudste program op Suid-Afrikaanse radio.



**1961** Op 16 Oktober word begin met uitsendings van die oggendprogram *Flink uit die vere* met Fanus Rautenbach as aanbieder. Dit duur tot 1974 waarna dit deur *Monitor* vervang word.




**1961** Die eerste *Liewe Heksie*-verhale van Verna Vels word uitgesaai.

**1986** Op 1 Januarie word die Afrikaanse en Engelse Dienste se name verander na Radio Suid-Afrika en Radio South Africa. In dié tyd word die eerste advertensies op Afrikaanse radio uitgesaai.

AFRIKAANS STEREO 100 - 104 FM
RADIO SONDER GRENSE

**1992** Radio Suid-Afrika se naam word verander na Afrikaans Stereo.

**1996** Op 27 September word die stasie se naam verander na Radio Sonder Grense.

**2000's** Daar word mettertyd na die stasie as net RSG verwys. Die slagspreuk lui: 'RSG – dis die een!'

**2007** Fanus Rautenbach word as die Afrikaanse radiolegende in die eerste 70 jaar van Afrikaanse radio aangewys.

**2017** Op 27 Oktober is Afrikaanse radio 80 jaar jonk.

80 Jaar van Afrikaanse Radio RSG



1.19.1. In watter jaar het Afrikaans eers begin uitsaai oor die radio? (1)

1.19.2. Watter tyd van die dag is hierdie programme uitgesaai? (1)

1.20. In 1936 het die SAUK, ook in ‘n ander taal begin uitsaai. Watter taal was dit? (1)

1.21. Kies die KORREKTE antwoord en skryf dan die vraagnommer en die letter neer.

By watter ander skoolvak se sillabus sou hierdie tydlyn waarskynlik inpas?

A. Wetenskap
B. Aardrykskunde
C. Geskiedenis
D. Rekeningkunde (1)

1.22. Hoeveel jaar lank is die program "Flink uit die vere" uitgesaai? (1)

1.23. Wie was die outeur van Liewe Heksie? (1)

1.24. Rangskik die gebeure van Afrikaanse radio in die korrekte chronologiese volgorde.
Skryf die sinne oor.

A. Die eerste advertensie word op Afrikaanse radio uitgesaai.
B. ‘n Engelse radiodiens begin.
C. Die stasie se naam verander na Radio Sonder Grense.
D. Afrikaanse radio word 80 jaar oud. (4)

(10)

TOTAAL VIR AFDELING A:30

**AFDELING B: OPSOMMING (TEKS C)**

**VRAAG 2**

**Instruksies**

1. Som die artikel hieronder, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die jou eie sinne puntsgewys neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Rekspring-ongeluk: Vrou val in rivier wat krioel met krokodille.
http://www.globalpost.com

ʼn Australiese vrou het met geringe beserings oorleef nadat die tou tydens ʼn 111-meter rekspring oor die waters van die Zambezi-rivier gebreek het. Die rivier, op die grens van Zambië en Zimbabwe het krioel met krokodille.

Erin Langworthy het op Oujaarsdag van die Victoria waterval brug wat tussen Zambië en Zimbabwe span, afgespring, sê Reuters.

ʼn Video snit wat daar geneem is, wys hoe die tou gebreek het, en haar in die Zambezi-rivier onder haar gedompel het. Sy was ongeveer 20m bokant die water toe die tou gebreek het.

Haar voete was nog vasgebind toe sy die water tref, en die impak het haar sleutelbeen gebreek. Toe sy bygekom het, moes sy deur die snelwaters navigeer op pad droë land toe.

Die 22-jarige van Perth, Australië het vir die Australiëse Kanaal Nege Nuus vertel: "Ek moes duik en die bungeetou losruk want dit het aan iets vasgehaak."

Toe hulle haar eers uit die water getrek het, het hulle haar op haar rug laat lê. Sy het moeilik asemgehaal. Sy is eers deur paramedici in Victoria Falls behandel voordat sy oorgeplaas is na ʼn hospitaal in Suid-Afrika.

ʼn Ondersoek is deur die Zambiese Toeriste Departement begin om te probeer bepaal wat die ongeluk veroorsaak het. Zambië se Minister van Toerisme het gesê: "Meer as 50 000 toeriste spring elke jaar."

**(10)**

**AFDELING C: TAAL**

**Vraag 3 ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Daar kan opsetlike foute in die advertensie wees.

**TEKS D**

# VET PRET!(3.1)

## *Is jy tussen 15 en 18* (3.2) *jaar oud?*

***Bly***
***Kalm*** (3.3)
***en kom***
***hou***
***PARTYTJIE***



**Jy moet dit bywoon as:** (3.4)

- **jy wil sosialiseer.**
- **jy wil dans en pret hë. (**3.5)
- **jy die begin** (3.6) **van die skoolvakansie wil vuur.** (3.7)

**Wat: Tiener partytjie.**
**Waar: Mosselbaai se sokkerklub.**
**Wanneer: Vrydagaand 6 Desember 2018**
**Tyd: 7:00nm.** (3.8) **tot middernag.**
**Koste: R50.00 per persoon.** (3.9)

"Ons het verlede jaar die 1ste (3.10) partytjie van dié soort gehou en dit was 'n **REUSE** suskes."

3.1. Noem die leesteken wat aan die einde van die sin: “VET PRET!” gebrui is. (1)

3.2. Skryf die getal 18 in ‘n woord uit.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer. (1)

3.3. Gee die OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING vir die woord: “kalm” in die volgende sin:

Na die eksamen was die leerlinge die (kalm) wat ek hulle in ‘n lang ruk gesien het.

Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer. (1)

3.4. Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Jy moet dit bywoon as jy wil sosialiseer. (1)

3.5. Verbeter die SPELFOUT in die sin.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Jy wil dans en pret hë. (1)

3.6. Gee ‘n antoniem vir die woord “begin” in die volgende sin:
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

- jy die <u>begin</u> van die skoolvakansie wil vuur. (1)

3.7. Verbeter die spelfout in die volgende sin.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

- “jy die begin van die skoolvakansie wil vuur.” (1)

3.8. Skryf die AFKORTING in die volgende sin VOLUIT neer.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

**Tyd: 7:00nm. tot middernag**. (1)

3.9. Gee die MEERVOUD van die woord “PERSOON” in die volgende sin.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

As twee (persoon) die partytjie bywoon, kos dit R100.00 (1)

3.10. Skryf die RANGTELWOORD in die volgende sin volledig neer.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Ons het verlede jaar die <u>1ste</u> partytjie van dié soort gehou en dit was ‘n **REUSE** suskes.” (1)

(10)

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**

4.1. Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer. Bv. 4.1.A

Die titel, "Groeipyne", verwys na die dinge wat kinders leer wanneer hulle...

A. speel.
B. grootword.
C. skoolgaan.
D. werk. (1)

4.2. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.
Skryf slegs die woord as antwoord neer.

As iemand baie geld het, sê ons dat hulle (baie ryk) is. (1)

4.3. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.
Skryf net die woord as antwoord neer.

Ma dra die (kleure/klere) in 'n wasgoedmandjie. (1)

4.4. Voltooi die sin deur die korrekte VOORSETSEL in te vul.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Zoë praat ... haar ma oor 'n manier om meer geld te verdien. (1)

4.5. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Ma het baie (bed) om op te maak. (1)

4.6. Voltooi die volgende VERGELYKING.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Om ‘n bed op te maak, is so maklik soos... (1)

4.7. Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Zoë wil meer geld verdien. (1)

4.8. VERBIND die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.

Zoë kan die kar was. Sy het die onkruid uitgetrek. (nadat) (1)

4.9. Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM neer.

Miskien sal jy iets erf. (1)

4.10. Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Ma sê: “Zoë, jy moet werk vir geld.”
Begin so: Ma sê vir Zoë... (1)

(10)

**VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg is op die artikel (Teks F) en die prent (Teks G) gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Daar kan opsetlike foute in die leesteks wees.

**TEKS F**

## ‘n Wenner in die sakewereld (5.1.)



Sir Richard Branson is een van die wêreld se mees kreatiewe entrepreneurs. Hy is Brits en is op 18 Julie 1950 gebore.

Hy het ‘n baie interessante suskesverhaal. As kind het hy met ‘n paar leerprobleem (5.5.) gesukkel, maar hy is sonder twyfel baie talentvol. Sy sakebelange sluit motors, vliegtuie (Virgin Atlantic), selfone, ruimtetoere, brandstof en selfs koeldrank in! Hy is gretig om alle moontlikhede, selfs die kleinstes, in groot suksesverhale te verander. En alles begin by een kreatiewe idee!

Toe Sir Richard se ouma 99 jaar oud was, het sy hom dié brokkie raad gegee: “Jy het een talent in die lewe gekry. Maak die beste daarvan.”

Hy het haar raad gevolg, want op 16 het hy sy eerste sakeonderneming begin toe hy ‘n nasionale tydskrif *Student* gepubliseer het. Sedertdien het hy meer as 350 maatskappye gestig. Dis omtrent een nuwe maatskappy vir elke dag van die jaar.

Hy besit ‘n eiland, wat Necker eiland genoem is, hy hou die wêreldrekord omdat hy die Atlantiese Oseaan die vinnigste met ‘n boot oorgesteek het en het al om die wêreld in ‘n lugballon gery!

Hy het een dogter, Holly, en een seun, Sam, by sy tweede vrou, Joan Templeman.

In Junie 2018 het ***Forbes Tydskrif*** sy netto waarde uitgewerk op 5.1 biljoen VSA dollar.

5.1. Gee die korrekte spelling van die woord tussen hakies.

‘n Wenner in die (sakewereld). (1)

5.2. Skryf die AFKORTING tussen hakies volledig uit.

Sir Richard Branson is bekend (a.g.v.) sy kreatiewe entrepreneurskap. (1)

5.3. Gee die teenoorgestelde GESLAG van die woord tussen hakies.

Een van Sir Richard Branson se vriendinne is die (akteur) Kate Winslett. (1)

5.4. Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies

Hy het baie eiendomme, van hulle is groot huise, maar een is ‘n klein (woning) op Necker eiland. (1)

5.5. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

As kind het hy met ‘n paar (leerprobleem) gesukkel. (1)

5.6. Voltooi die onderstaande sin. Gee die VERSAMELNAAMWOORD wat weggelaat is.

Richard Branson het al voorheen vir sy vrou, Joan Templeman‘n ... blomme gestuur. (1)

5.7. Vul die ontbrekende PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in.

Sir Richard Branson is nou 68 jaar oud en het baie van ... doelwitte bereik (1)

5.8. Skryf die sinne hieronder in die korrekte WOORDORDE uit.

5.8.1. Richard se ouma, om ‘n sukses van sy lewe te maak, gegee, lank gelede, het, vir hom goeie raad, (1)

5.8.2. Hy, op 16, ‘n nasionale tydskrif, publiseer. (1)

5.9. STEL DIE VRAAG, sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord vorm.

Richard se ouma was <u>99 jaar oud</u> toe sy hom raad gegee het. (1)

5.10. Verbind die sinne hieronder met die VOEGWOORDE tussen hakies.

Richard Branson het baie hard gewerk. Sy netto waarde is 5.1 biljoen VSA dollar. (daarom) (1)

5.11. Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD oor.

Sir Richard sit en dink oor sy besighede. (1)

5.12. Skryf die volgende sinne in die TOEKOMENDE TYD oor.

5.12.1. Sir Richard Branson is een van die wêreld se mees kreatiewe entrepreneurs. (1)

5.12.2. Volgens ***Forbes Tydskrif*** het Sir Richard Branson 5.1 biljoen dollar. (1)

5.13. Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM oor.

5.13.1. Richard Branson het baie geld gemaak. (1)

5.13.2. Richard publiseer op 16 'n nasionale tydskrif. (1)

5.13.3. Richard sal 'n eiland besit. (1)

5.14. Skryf die volgende sinne in die ONTKENNENDE VORM oor.

5.14.1. Hy sukkel as kind met 'n leerprobleem. (1)

5.14.2. Richard Branson is nog een van die rykste mense in die wêreld. (1)

5.15. Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE oor.

Richard se ouma vra vir hom: "Het jy die beste van jou talent gemaak? (1)

(20)

Totaal afdeling C: 40

GROOTTOTAAL: 80